# VOORSITTERSREDE 1953.

## 'n Inleidende woord na aanleiding van die besprekingspunte voor die Bondsraad van 1953.

By hierdie geleentheid is ons nou weer vir ons jaarlikse Bondsraad byeen. Ons Bondsraad gee aan ons die geleentheid om ou vriendskappe te hernuwe. Dit gee aan ons die geleentheid om weer met mede-broers - in baie gevalle ou vriende, wat ons jarelank nie gesien het nie - in aanraking te kom. Dit gee aan ons ook die geleentheid om nuwe vriendskapsbande aan te knoop, vriendskapsbande wat in hartlike, intiemere kring ontstaan en dus sommer van die begin af goed en heg gesmee is.

Maar verder: ons jaarlikse Bondsraad gee ook aan ons die geleentheid vir ernstige studie. Dit gee aan ons die geleentheid om na Brs. te luister wat met gesag oor die een of ander vraagstuk in verband met die belange van ons volk kan praat. Dit gee aan ons die geleentheid om saam sulke vraagstukke te ondersoek, om menings daaroor te wissel en om tot besluite te kom waardeur ons, na die beste van ons vermoë, die belange van ons volk kan dien.

Maar meer nog: ons Bondsraad gee ook aan ons die geleentheid om as groot verteenwoordigende eenheid van die A.B. na vore te tree. Hier is ons byeen: lede van die U.R., amptenare van ons Hoofkantoor, afgevaardigdes van die Afdelings, en besoekende Brs. van oral oor. Ons is afkomstig nie net uit die Provinsies van die Unie nie, nie net uit Kaapland, Transvaal, Vrystaat en Natal nie, maar ons is afkomstig ook uit verskeie geweste buite die grense van die Unie, uit Suidwes, Suid-Rhodesië, Noord-Rhodesië en Kenia. Ons is hier nie net as verteenwoordigers van die Afrikaner in die Unie van Suid-Afrika nie; ons is hier as die verteenwoordigers van die ganse Afrikanerdom in die hele suidelike Afrika

Wat ŉ geleentheid! Wat ŉ voorreg! Kom, Brs. laat ons in ŉ gees van vriendelike, opregte broerskap, laat ons met ŉ strewe tot diepe, indringende studie, en laat ons tewens, as groot verteenwoordigende eenheid van die A.B., by sekere vraagstukke stilstaan wat vandag ons aandag verg. En laat ons hierby die skuld vir minder aangename feite nie net by andere soek nie, maar laat ons ook bereid wees om, waar dit nodig is, ruiterlik ons hand in eie boesem te steek.

Toe die U.R. die agenda vir hierdie Bondsraad bespreek het, en toe hy meer bepaald aandag gewy het aan die rigting waarin die voorsittersrede vanjaar moet gaan, het hy besluit dat dit by die ~~beskrywingspunte~~ besprekingspunte moet aanknoop en dat ek na aanleiding daarvan tot die Brs. moet praat. Hiervoor het die U.R. goeie rede gehad: die ~~beskrywingspunte~~ besprekingspunte toon aan met welke vraagstukke Afdelings en Brs. hulle besig hou, en gee ŉ aanduiding van die middele wat ter oplossing aangewend kan word. Kortom, die ~~beskrywingspunte~~ besprekingspunte help die Bondsraad en die U.R. om die A.B. se standpunt en beleid ten opsigte van moeilike vraagstukke te bepaal.

As ons na ons ~~beskrywingspunte~~ besprekingspunte kyk, dan vind ons dat ŉ groot verskeidenheid van onderwerpe daarin aangeraak word.

In die eerste plaas vind ons dat sekere Afdelings aandag vra vir maatreëls in verband met die beveiliging van ons voortbestaan as Afrikanervolk. Hieronder kom o.a. die kwessie van immigrasie aan die orde: Brs. verlang dat ons die gewenste tipe immigrant sal kry, veral uit ons ou stamland, Nederland, en ook dat daar meer daadwerklike nasorg van immigrante sal wees.

Onder hierdie eerste hoof vra ander Afdelings weer dat ons Afrikaanse koerante versterk word en dat meer Afrikaners in komitees en

/ander.....

ander vername liggame benoem word.

In die tweede plaas is daar 'n hele aantal Afdelings wat vir rasse-aangeleenthede aandag vra. Hierdie Afdelings is hulle daarvan bewus dat die rassevraagstuk een van ons allerdringendste vraagstukke is; hulle verlang ernstige studie daarvan; hulle wil die binnelandse sendingaksie van ons Afrikaanse kerke versterk sien; hulle wil nouer samewerking en voeling met SABRA hê, en hulle wil aktiewer steun vir SABRA verkry.

In die derde plaas is daar belangstelling vir staatkundige aangeleenthede. Verskeie Afdelings vrees dat die republikeinse strewe, en gepaard gaande daarmee 'n gesonde begrip van die republikeinse staatsvorm, wat die natuurlike, tradisionele staatsvorm van die Afrikaner is, onder ons mense teveel op die agtergrond raak. ~~kom.~~ Hulle doen studiekringe aan die hand, wat o.a. die staatkundige, kulturele, ekonomiese en militêre ~~gesigspunte~~ aspekte van 'n republiek in Suid-Afrika sal bespreek en ondersoek.

In die vierde plaas kom ekonomiese aangeleenthede aan die orde. Brs. is bekommerd oor die invloed van die mynkapitalisme in Suid-Afrika, en verlang 'n ondersoekkommissie in hierdie verband. Ander Brs. verlang vir die Afrikaner 'n belangriker plek in die handel en nywerheid van ons land. En dan is daar ~~treffende besprekingspunte~~ nog twee besprekingspunte onder hierdie groep: die een gee ni oorweging of verdere verryking van" ons boerestand nie op die duur vir ons volk gevaar inhou nie; die ander lui: "Die ~~En dan is daar nog twee beskouingspunte onder hierdie groep wat ek gerus maar woordelik kan stel. Die een lui: "Die Bondsraad bespreek wat gedoen kan word om te verhoed dat die gestadige verryking van ons boerestand tot 'n nasionale gevaar ontwikkel." Die ander lui: "Die~~ Bondsraad spreek sy verontrusting uit oor die verkoop van plase aan volksvreemdes en oorweeg stappe om die Afrikanerboer terug te kry op sy plaas."

/In.........

In die vyfde plaas is daar ~~beskrywingspunte~~ besprekingspunte oor onderwys en jeugaangeleenthede. In die lig van die feit dat onderwysmanne in die A.B. goed verteenwoordig is, en ook in die lig van die feit dat die A.B. die belange van die onderwys en die jeug nog steeds ten seerste op sy hart gedra het, kan ons verstaan dat daar heelwat ~~beskrywingspunte~~ besprekingspunte van hierdie aard sal wees. Dit word bv. in oorweging gegee dat die Bondsraad hom sal beywer vir die benoeming van 'n kommissie van gesaghebbendes om die bestaande onderwysbeleid te ondersoek en om aanbevelings in verband met tegniese onderwys, sentralisasie van skole en in verband met Bantoekunde as skoolvak te doen. Ook word aandag gevra vir die moontlikheid dat blanke onderwysers aan Indiërskole onttrek word om aldus die tekort aan onderwysers in blanke skole te verlig.

In die sesde plaas eis taal- en kultuuraangeleenthede die aandag op. Brs. dring ernstig daarop aan dat die Afrikaner hom opnuut tot doelbewuste, oortuigde taalhandhawing sal aangord, en dat hy tewens met beslistheid die stryd moet aanbind om sy nasionale feesdae in ere te herstel, sodat dit vir hom weereens 'n besielende, voedende faktor in sy kultuurlewe sal word. Die Bondsraad word gevra om stappe te oorweeg ten einde die toenemende drang na sensasie- en prikkellektuur die hoof te bied; en by die Bondsraad word ook ernstig daarop aangedring om deur middel van sy Afdelings en verwante kultuurorganisasies die Afrikanervolk aan te spoor om aktief en voortdurend sy kultuurlewe in al sy vertakkinge te laat herleef en uit te bou.

In die sewende plaas kom maatskaplike aangeleenthede aan die beurt. Verskeie Afdelings voel die noodsaaklikheid van 'n behoorlike, weloorwoë maatskaplike beleid vir Suid-Afrika, terwyl andere wil verseker dat die verstedelikte Afrikanerwerker nie vir ons verlore sal gaan nie, en ook

/dat.....

dat in die goudgebied van die Vrystaat liggame soos die Kerk en die F.A.K. besondere aandag sal skenk aan die vraagstukke, wat besig is om daar op te kom. Daarbenewens word die Bondsraad gevra om sy ondubbelsinnige afkeuring oor Sondagsport en drankmisbruik uit te spreek.

In die agste plaas word verskillende vraagstukke in verband met huishoudelike aangeleenthede van die A.B. aan die orde gebring. Besorgdheid word geopper oor te snelle uitbreiding, en daar word gevra dat geskikte Waarskynlike Applikante nie net om persoonlike redes afgekeur moet word nie. Die moontlikheid word ook gestel dat ledekaartjies as bewys van lidmaatskap aan Brs. uitgereik word, en dat meer bevredigende herkenningstekens bepaal word. Owerigens word die ongelukkige feit onder die aandag gebring dat die A.B. by reggesinde Afrikaners in onguns raak, en die Bondsraad word versoek om in hierdie verband die vertroulike karakter van die A.B. te benadruk,

Geagte Brs., daar het U nou voor U 'n oorsig van dié dinge waarvoor U aandag gevra word. Dit verteenwoordig 'n groot verskeidenheid van vraagstukke; dit raak die taak van die A.B. op alle vername terreine van ons volkslewe. Dit sal U opgeval het: ons het nie hier met klein dingetjies van kortstondige betekenis te doen nie; inteendeel, ons het met groot, verhewe gedagtes te doen; gedagtes wat die versterking en uitbouing van die Afrikanerdom beoog; gedagtes wat wil lei tot die vestiging en konsolidering van die Afrikanervolk hier in die suide van ons groot Vasteland, sodat ons hier onwankelbaar vas geanker sal bly en van krag tot krag nog verder sal gaan. Ons het te doen met gedagtes wat, meer bepaald, in verband met hierdie groot proses die taak van die A.B. nader wil omlyn.

Graag sou ek dieper op hierdie gedagtes wil ingegaan het, maar die tyd daartoe ontbreek my. Dit is egter ook nie soseer nodig nie, want

/Brs.........

Brs. afgevaardigdes kry self die geleentheid daartoe. Maar ek wil tog, met U verlof, twee hoofgedagtes, wat reeds in die voorgaande aangeroer is, 'n bietjie vollediger uitwerk. Die eerste is: ONS TOEKOMSBELEID MET DIE OOG OP DIE VOORTBESTAAN VAN DIE AFRIKANERVOLK; en die tweede is: DIE HUIDIGE TOESTAND IN VERBAND MET ONS KULTUURLEWE.

Die eerste, ons toekomsbeleid met die oog op die voortbestaan van ons volk, is in die eerste groep besprekingspunte aangeraak, waarin ons opgemerk het dat verskeie Afdelings om maatreëls vir die beveiliging van ons voortbestaan as Afrikanervolk gevra het, en dat hulle ook die wenslikheid van die regte tipe immigrant vir ons land beklemtoon het.

Brs., ek sou my van 'n doodgewone gemeenplaas bedien as ek U daarop sou wys dat ons volk maar 'n baie klein volkie onder die volkere van die wêreld is - U weet dit almal. Buitendien, ons volk is ook maar 'n baie jong volk, en hy het uit byna nietige klein getalle voortgekom.

Nou is dit nie vreemd nie dat 'n klein volkie, veral in die tyd van sy eintlike wordingsjare toe hy nog maar pas as volk in aansyn geroep is en toe nog hy maar sy eerste onsekere stappe as klein, tingerige suigeling gedoen het, geneig is om homself af te sluit, om homself van die buitewêreld te isoleer. Dit is maar net 'n natuurlike neiging; hy wil behou, hy wil koester en versterk dit wat sy eie is; hy wil hom nie blootlê aan vreemde denasionaliserende faktore - soms inderdaad baie magtige faktore - wat van buite kom nie. So 'n volkie is dan - om beelde uit die natuur te gebruik - nog nie soos die leeu wat, geregverdiglik bewus van eie krag, onverskrokke deur bos en dal voortskry nie, maar hy is soos die ystervarkie: hy sluit hom dig, hy rol hom toe en steek sy penne na buitentoe uit om homself te beskerm en hom op veilige wyse van die buitewêreld af te sluit. En as dit nie genoeg is nie, neem hy sy toevlug tot sy uitgrawing

in die aarde om hom nog beter van die gevaar van buite af te sluit. In afsluiting of isolement lê sy behoud, en hy weet dit instinkmatig.

Só was dit ook met ons volk. Van Holland, van Frankryk, van Duitsland en elders het ons voorouers na hierdie land gekom. 'n Wonderwerk het hier gebeur: deur die onpeilbare wil van die Here het ons volk hier ontstaan. Onder die bedreiging van ontsettende gevare het dit telkens gelyk asof ons sou ondergaan, maar die Here het ons van ondergang bewaar. Ons taal is hier gebore; ons het aan ons land geheg geraak; ons het met ons bodem één geword. Ons het hier gekom om hier te bly - maar ons moes veg: ons moes veg om te behou wat ons eie is, ons moes veg om te bly wat ons in ons harte was. Onder die omstandighede is dit nie vreemd dat ons ons gaan afsluit het nie; immers, in isolement het ons krag gelê; ons het dit as't ware ook instinkmatig geweet. Ons het ons gaan isoleer om onsself beter te kan handhaaf.

Verskillende faktore het hiertoe meegewerk: die afstand van Europa, en dus naasteby volslae gebrek aan hulp vandaar af; die stryd teen 'n meedoënlose natuur en teen die enorme oormag van barbaarse inboorlinge; die eensame, verafgeleë bestaan van ons voorouers in die binneland. Maar dan is daar ook nog veral één ander groot faktor wat hierdie geesteshouding van isolement by ons volk gekweek het, t.w. die aanwesigheid van die Engelsman, die Engelsman wat vir ons volk én ekonomies én kultureel én staatkundig 'n vyand was.

Ek sê dit nie met enige bitterheid in my hart nie, maar ek konstateer net 'n historiese feit, 'n feit wat iedereen met kennis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis geredelik moet aanvaar. Want was dit dan nie die Engelsman wat met sy kapitaal, sy nywerhede, sy banke ens. die Afrikaner ekonomies tot sy dienskneg gemaak het nie? En was dit nie die Engels-

man wat met sy magtige kultuur die Afrikaner die Hollandse taal ontsê het, en die Afrikaanse kind in sy skole tot Engelsman wou maak nie? En was dit nie die Engelsman wat met sy magtige ryk die Afrikaner sy staatkundige onafhanklikheid ontneem het nie? Ek herhaal: die Engelsman was vir die Afrikaner én ekonomies én kultureel én staatkundig 'n vyand. Hoef dit ons dan te verwonder dat daar 'n tyd was toe die Afrikaner hom gaan afsluit het om homself te handhaaf? Dat hy hom gaan isoleer het om homself te beskerm?

Maar die stryd het voortgegaan; soms het die Afrikaner gewen, dan meer het hy verloor; die stryd het voortgegaan. Soms het daar bittere trane van ontroering oor vermoeide wange gerol; soms het die bloed van ons helde in die gras van ons grond gevloei; soms is die Afrikaner, gewikkel in sy lewenstryd, deur die renegaat-Afrikaner in die rug gesteek - maar die stryd het voortgegaan.— Eindelik het die daglig van ons seëpraal oor die oosterkim gebreek. Die Afrikaner het sy agterstand op ekonomiese gebied ingesien en aan die werk gespring om dit te probeer inhaal; hy het sy taal erken gekry en 'n letterkunde begin opbou; hy het die enorme betekenis van sy stemreg raakgesien en hy het die staatkundige mag in sy hande geneem. Dít is die tyd waarin ons vandag staan. U sien Brs. ons het die stadium van die skugter rolvarkie ontwas; ons het al begin om die jong leeu te word. En as dit dan só is, wat staan ons in die toekoms te doen?

Ek pleit daarvoor dat ons as Afrikaners - insonderheid ons as Brs., wat die kern van die Afrikanerdom verteenwoordig - dat ons vandag sal besef dat die tyd van ons isolement verby is, of verby behoort te wees. Ek pleit daarvoor dat ons sal besef dat ons ons nie meer van die buitewêreld moet afsluit om in afsondering ons krag te soek nie. Inteendeel, ons moet uitgaan, ons moet voort marsjeer om Afrikanerideale en Afrikaner-

invloed uit te dra, en in te dra op alle terreine van die lewe in ons land. Moenie bang wees dat U U Afrikanerskap sal skade aandoen as U saam met Engelssprekendes in dieselfde komitee of raad of ander liggaam dien nie. En moenie bang wees nie, al is U ook vér in die minderheid in so 'n liggaam.

Gryp elke geleentheid aan waar U as Afrikaner die beginsels van U volk kan indra. As daar komitees gekies of benoem word - sportkomitees, komitees in verband met onderwys, komitees in verband met sosiale en welsynsaangeleenthede ens. - en as U gevra word om daarin te dien, moet dan nie maklik bedank of U onttrek nie, moenie maklik sê U het teveel werk nie. Dis opmerklik hoe dikwels ons hiermee in die hande van ons vyande speel: op die oomblik dat ons ons onttrek, besef ons dit miskien glad nie, maar na verloop van tyd - miskien eers na 'n paar jaar - vind ons dit tot ons skade uit.

As ons waarlik ons volk wil groot en sterk maak, moet ons vandag, in die stadium waarin ons nou verkeer, ook groot en fors dink. Ons moet Afrikanerinvloed uitdra en op alle terreine vestig. En, let daarop, ons moet dit steeds op grootmoedige, kalme, waardige wyse doen. Ons moet ons teenstanders nie op kleinsielige manier slegmaak of op onderduimse manier probeer uitoorlê nie - sulke metodes kan hoogstens maar tydelike oorwinninkies of kortstondige voordele meebring. Ons moet op koersvaste, weloorwoë, waardige wyse voortgaan; ons moet konsekwent, volhardend, positief optree, die oog gerig, nie net op die tydelike oorwinning van môre nie, maar ook - en boweal - op die blywende seëpraal van die ongebore jare van die verre toekoms.

Dit geld vir alle terreine van ons lewe, maar dit geld tog veral vir één aangeleentheid, wat vandag baie aktueel geword het, nl. immigrasie. Nou weet ek daar is Afrikaners, en ook Brs., wat meen dat ons voorlopig

geen immigrante meer nodig het nie en dat immigrasie tydelik stopgesit moet word. Brs., ek kan nie hiermee saamstem nie: ons kan nie, en ons mag nie immigrasie stopsit nie; inteendeel, ons het immigrante nodig. Natuurlik mag daar nie vrye, onbeteuelde immigrasie wees nie; ons moet gekeurde immigrante hê. Hulle moet by voorkeur uit lande soos Nederland en Duitsland kom, hulle moet Protestants van geloof wees, - mense wat ons weet wat by ons kan aansluit.

Met betrekking tot hierdie mense moet ons dan veral ook toesien dat ons ons nie - soos ons in die verlede maar alte dikwels gedoen het - van hulle afsluit nie. Hoe dikwels het ons nie in die verlede nie - en selfs ook vandag nog - Afrikaners hoor sê dat ons ons nie oor immigrante hoef moeg te maak nie, omdat hulle, Hollanders en Duitsers inkluis, tog maar agter die Engelse aanloop. Maar was een van die redes hiervoor miskien nie juis dat ons in die verlede van ons kant geen moeite gedoen het om hulle by ons te kry nie? As ons meer simpatiek teenoor hulle was, as ons op positiewe wyse aandag aan hulle bestee het, sou die toestand dan nie miskien anders gewees het nie? Ons het hier met hipoteses te doen; ek weet nie wat die uitkoms sou gewees het nie. Maar dít weet ek: as ons in die verlede meer aktief in hulle belangstelling getoon het, as ons hulle op meer simpatieke wyse in hulle nuwe vaderland tuis laat voel en hulle op positiewe wyse van raad en leiding gedien het, dat ons dan ten minste 'n veel beter kans sou gehad het om hulle by ons te kry en by ons te hou.

Laat ek U die versekering gee dat die U.R. vandag baie ernstige aandag aan hierdie saak wy. Dit is nie nou die tyd en die plek om op die besonderhede van die U.R.-optrede in te gaan nie, maar ek kan sê dat die U.R. lyste van name van immigrante kry, dat hy van hulle

Suid-Afrikaanse adresse op die hoogte kom, en dat daar langs verskillende weë met hulle voeling gehou word. U sal begryp dat in hierdie verband liggame soos die F.A.K. en Skakelkomitees, veral in die hawestede, op uitnemende wyse behulpsaam is.

Ek kan nie nalaat om hier die name van twee Johannesburgse Komitees wat in noue samewerking met mekaar optree, spesiaal te noem nie, t.w. die Johannesburgse Skakelkomitee en die Dietse Komitee. Hulle het reeds werk van groot, blywende belang gedoen om vreemdelinge op die Rand - waarheen begryplikerwyse 'n baie aansienlike persentasie van die immigrante kom - by die Afrikaner hulle tuiste te laat vind. En wat hulle gedoen het, het inderdaad ook reeds tot voorbeeld en besieling vir komitees op verskeie ander plekke gedien.

Maar Brs. onthou: U almal se medewerking word - soos U in omsendbriewe ook sal gesien het - in verband met hierdie uiters belangrike saak gevra. Laat elke Afdeling en elke Br. sorg dat hy in sy eie omgewing moeite doen om immigrante wat hulle daar kom vestig, by ons Afrikaners te laat aansluit. Só sal U dan ook op betekenisvolle wyse help om Afrikanerbeginsels en -invloed op nuwe en groter terreine uit te dra.

Laat ek oor hierdie punt, nl. dat ons onsself nie meer moet isoleer nie, heeltemal duidelik wees. Dit is nie dat ek meen dat ons Afrikanersaak vandag in alle opsigte honderd persent gesond en onwankelbaar gevestig is nie - en weldra sal ek nog 'n paar nadere woorde hieroor sê; dit is ook nie dat ek meen dat ons noodwendig beter as andere is nie; en dit is ook nie dat ek meen dat ons slegs terwille van Afrikaner-oorheersing as sodanig andere moet probeer oorweldig nie. Nee, Brs! - Maar ek meen, nee ek is ten volle oortuig daarvan, dat ons Afrikanersaak - ten spyte van sekere swakhede - vandag só sterk staan dat ons kan bekostig om ons nie meer te isoleer nie. Ek is ook ten volle

oortuig daarvan dat - ofskoon ons nie noodwendig beter as ander volke is nie - ons as die volk van Suid-Afrika, wat hier gebore en hier gevorm is, die toestande en probleme van ons land die beste ken. Ek is ook oortuig daarvan dat - ofskoon ons Afrikaner-oorheersing as sodanig, en sonder meer, geensins ons einddoel moet maak nie - ons as Afrikaners, wat die land die beste ken, 'n ware en positiewe bydrae te maak het. Ek is vas oortuig daarvan dat die toekoms van Suid-Afrika in die hand van die Afrikaner veiliger is as in die hand van enige iemand anders. Dit is daarom dat ek met vrymoedigheid beklemtoon: moet U nie meer isoleer nie; dra U Afrikanerskap voort op alle terreine van die lewe.

Hiermee is die eerste hoofgedagte wat ek na aanleiding van ons besprekingspunte gestel het, nl. ons toekomsbeleid met die oog op die voortbestaan van die Afrikanervolk, nou afgehandel; en dit bring my dan by die tweede hoofgedagte wat ek ook reeds genoem het, nl. die huidige toestand in verband met ons kultuurlewe. U het reeds gesien dat daar Afdelings is wat in besprekingspunte gevra het om hernude, doelbewuste taalhandhawing; wat ook gevra het dat ons nasionale feesdae in ere herstel moet word; en wat daarop aangedring het dat Afdelings en verwante organisasies die Afrikanervolk moet aanspoor om sy kultuurlewe in al sy vertakkinge te laat herleef. Hiervan kan U reeds aflei dat hierdie Afdelings meen dat dit vandag met ons kultuurlewe nie na wens gesteld is nie. M.a.w. waar ek nou net daarop aangedring het dat ons Afrikanerinvloed moet uitdra, dat ons kragtig na buitentoe moet optree, is daar Afdelings wat meen dat ons na binnetoe, in ons eie kultuurlewe, nie gesond - of gesond genoeg - is nie. Dit sou voorwaar 'n baie ernstige toestand wees, en dit betaam ons dus om hierdie probleem ruiterlik en

objektief onder die oë te sien.

Wat is die ware feite? Ek het daarop gewys hoedat na jare van bittere stryd, die dag van Afrikanerseëpraal aangebreek het. Die Afrikaner het sy agterstand op ekonomiese gebied begin inhaal; hy het op taalkundige en letterkundige gebied vordering gemaak; en hy het op staatkundige gebied die mag in die hande geneem. Dis groot dinge, dis lewensbelangrike dinge hierdie; dit gee ons 'n grondslag om op te staan en op voort te werk; en ons is die Here dankbaar daarvoor.

Maar hoe staan dit vandag, in hierdie tyd waarin ons nou leef, met ons <u>kultuur</u>? Word die stryd op hierdie terrein nog onverpoosd voortgesit, en word daar nog steeds vordering gemaak? Of het daar miskien verslapping ingetree en het ons miskien veld verloor? Daardie Brs. wat bekommerd is oor die toestand - het hulle rede om bekommerd te wees?

Ek gebruik die woord <u>kultuur</u> hier nie in die ruimere sin waar dit vrywel alle terreine - staatkundige, ekonomiese, kerklike en ook onderwysaangeleenthede - van 'n volk se lewe insluit nie, maar ek gebruik dit in die engere sin, d.w.s. waar dit slegs dek dié besondere, kenmerkende uitinge wat van 'n afsonderlike, selfstandige volksbestaan getuig. En wat dit aanbetref, hoe is dit vandag met ons volk gesteld?

Sowat vyftien jaar gelede het vrywel alle dorpe - soms selfs klein plattelandse plekkies - hulle eie kultuurverenigings gehad, wat Afrikaners byeengebring en gesellige, opbouende bespreking van volksbelange moontlik gemaak en bevorder het. Met geesdrif is takke van die Rdb. deur die hele land gestig; dié takke het gefloreer, en groot, vrugbare kongresse is gehou. Daarby het elke dorp gewoonlik sy skakelkomitee gehad, wat plaaslik kultuurwerk gekoördineer en kragte gemobiliseer en gerig het.

Maar vandag is die toestand anders. Uit die F.A.K. se jaarverslae van die jongste jare blyk, bv., dat tal van kultuurverenigings doodgeloop het; trouens, dié plekke waar daar vandag nog aktiewe kultuurverenigings bestaan, is uitsonderings. Dit blyk ook dat 'n groot aantal skakelkomitees (eweas ander Afrikaanse liggame) wat by die F.A.K. geaffilieer was, tot niet gegaan het. Dit het selfs só ver gekom dat die noodsaaklike inkomste van die F.A.K. ernstig benadeel is, sodat na nuwe bronne van inkomste - bv. donateurs en erelede - omgesien moes word. Wat die Rdb. betref, is dit bekend dat hy nou reeds verskeie jare lank 'n onsekere bestaan gevoer het, dat baie takke verdwyn het, en dat hy deserdae 'n grootskeepse poging aanwend om 'n herlewing teweeg te bring.

Gepaardgaande met die daling van die belangstelling in hierdie Afrikanerorganisasies, het ook die belangstelling in nasionale feesgeleenthede verminder. Die tyd is lankal verby dat 'n mens oor die hele land groot opkomste by lokale Krügerdag- en Geloftedagvierings gekry het. Waar vandag spesiale pogings aangewend word om op 'n bepaalde plek om die een of ander besondere rede 'n groot sentrale fees te reël, kan daar nog goeie opkomste verkry word, maar by die gewone, lokale byeenkomste, wat jaarliks gehou word, is die opkomste in die reël bedroewend swak.

Van uitgewers en boekhandelaars hoor ons ook dat die belangstelling vir die goeie Afrikaanse boek en tydskrif vandag op 'n laagtepunt staan. Preller se eerste geskiedenisboeke, bv., is deur oud en jonk verslind, maar vandag gaan dit moeilik om vir 'n goeie, ernstige Afrikaanse historiese werk 'n mark te vind. Daarteenoor kry ons die ontstemmende verskynsel dat oppervlakkige, sede-ondermynende, pornografiese Afrikaanse

/spannings.....

spannings- en sekslektuur gretige lesers by die tienduisende vind.

Dit ly ook geen twyfel nie dat die Afrikaner vandag glad nie meer met soveel vuur vir taalhandhawing veg soos tien of vyftien jaar gelede die geval was nie. Van die georganiseerde optrede van Afrikaners ter wille van taalhandhawing, in bv. sake-ondernemings en die telefoondiens, is daar tans maar min oor. Aan my is onlangs o.a. nog meegedeel dat twee bekende firmas in een van ons grootste stede, wat deur georganiseerde optrede van Afrikaners verplig was om jong Afrikaners in diens te neem, tans weer so eentalig Engels is soos ooit tevore, omdat - soos hulle beweer - daar aan Afrikaanse bediening geen noemenswaardige behoefte meer bestaan nie.

Ek vrees ook dat die gesindheid van naastediens en naasteliefde van Afrikaner teenoor Afrikaner, wat met groot nadruk verkondig is en onder Afrikaners soveel ingang gevind het dat ons o.a. 'n buitengewone opbloei van Afrikaanse sake-ondernemings kon sien, tot 'n groot mate verflou het. Dit kom vandag weer veels teveel voor dat Afrikaners klakkeloos winkels, kantore en spreekkamers binneloop van mense wat die belange van ons volk nog nooit goedgesind was nie.

Dit is seer seker nie 'n mooi prentjie wat ek hier van ons kultuurlewe skilder nie. Maar ons moet met onsself eerlik wees, d.w.s. as dit ons erns is om 'n gesonde koers vir die toekoms te vind.

Dit kan gesê word - en met 'n groot mate van reg ook - dat die swakhede wat ek hier genoem het, nie die wortel van die kwaad is nie, maar slegs die sigbare simptome uitmaak van iets wat veel dieper lê. Om dan 'n verbetering teweeg te bring, sal dit nodig wees om tot die diepere, grondliggende kwaad deur te dring en daarvoor 'n redmiddel te vind. Wat hierdie diepere kwaad is, sal nie maklik gesê kan word nie, en ek sou,

sonder 'n veel grondiger ondersoek, ook geen kategoriese mening daaroor wil uitspreek nie. Laat ons egter op 'n paar beskouings let.

Daar is diegene wat meen dat ons in die afgelope jare teveel op die ekonomiese sy gekonsentreer het, dat dit 'n materialisme in die hand gewerk het wat geestelike waardes op die agtergrond gedwing het, en dat die Afrikaner kultureel dus veel van sy vuur verloor het. Daar is ook diegene wat meen dat ons ons alteseer op die politiek toespits, sodat Afrikaners oplaas ongebalanseerd raak en in hulle waardebepaling geneig is om slegs die politieke norm, by uitsluiting van ander norme, toe te pas. Of dit so is aldan nie, sal nie maklik met sekerheid gesê kan word nie, maar één ding staan in elk geval onwrikbaar vas, en dit is dat, terwyl ons die groot belangrikheid van die ekonomiese en die politieke stryd volmondig erken, dit nooit tot nadeel van die kulturele aktiwiteit en lewenskrag van die Afrikaner mag strek nie. Dit is vir die Afrikaner nodig om toe te sien dat hy, as hy rasegte Afrikaner wil bly, 'n gesonde ewewig sal bewaar.

Daar is 'n ander beskouing - en hier kry ons met iets te doen wat vandag ons allerernstigste aandag verdien. Dit is nl. dat die Afrikaner deur sy seëpraal tot gerustheid en afstomping in kulturele sake gebring word. By sommige ontstaan die gevoel dat die stryd nou gewonne is en dat alles sal regkom. Vandaar dat 'n goeie Afrikaner ná die Nasionale oorwinning van 1948, in alle erns aan die SABRA-Hoofkantoor kon skryf: „Daar is mos nou 'n Nasionale Regering; is 'n liggaam soos SABRA dan nog nodig?" By ander ontstaan die gevoel dat, aangesien die Afrikaner nou die mag in die hande het, hulle nie meer soseer wakker hoef te loop nie; dat hulle nie meer soseer 'n behoefte aan Geloftedag en Krügerdag het nie; dat hulle nie meer soseer op taalhandhawing hoef aan te dring nie, en dat hulle kan bekostig om in die alledaagse lewe maar 'n bietjie Engels te

praat.

Hierdie oorwinningspsigose skep vir die Afrikaner 'n uiters gevaarlike toestand. Dit kan meebring dat - om 'n alombekende hedendaagse segswyse te gebruik - ofskoon hy die stryd gewen het, hy miskien die vrede verloor. Nee, juis nou, juis vandag, moet ons volk wakkerloop en moet hy sy posisie konsolideer, en verder uitbou. Die A.B. moet ons volk wakker skud - deur middel van omsendbriewe en inligtingstukke aan ons Afdelings, deur middel van ons bondsrade, ons streekrade en ons saamtrekke. Ons oë moet oop wees vir die gevaar van selftevredenheid, selfversekerdheid en geestelike gemaksug, 'n gevaar wat dikwels deur 'n groot oorwinning meegebring word. Ons moet terug gaan na ons ou eenvoudige strewe, toe ons deur ons verenigings, ons funksies en ons taalhandhawing mekaar gesterk en onsself as Afrikaners laat geld het. Hierby het elke Afdeling 'n dure plig, nl. elkeen om in sy eie omgewing Afrikaanse kultuuraksie te inisiëer, of, so nie te inisiëer nie, dan minstens van harte te steun. Laat elke Afdeling die kern van Afrikanerkrag word wat hy volgens ons A.B.-grondwet en reglement behoort te wees, en laat elke Br. van harte hierna strewe ooreenkomstig die plegtige gelofte wat hy by sy toetrede tot die A.B. afgelê het.

U sien Brs., ons het rede om vandag oor sekere aspekte van ons kultuurlewe besorg te wees. Ten spyte van alles wat ons in ons guns het, is daar in ons eie midde swakhede wat reggemaak moet word. Laat ons hiermee nie uitstel nie, want hoe sterker ons in eie midde is, hoe beter sal ons ook na buitentoe kan optree. Laat ons waak, sodat ons onsself nie in holle grootheidswaan oorskat en mislei nie, maar laat ons voort marsjeer met versigtigheid en selfvertroue, met selfvertroue wat uit diepe, kinderlike Godsvertroue gebore is. Aldus sal ons help om waarlik 'n groot volk in Suid-Afrika op te bou en om 'n blywende bydrae

vir die verre toekoms van Suid-Afrika te lewer.

Ten slotte Brs.: dit alles sal ons nooit met welslae kan doen as ons nie aan die beginsels van die Afrikaner-Broederbond getrou bly nie. Ons moet volle, onvoorwaardelike geloof in ons Afrikanerideale hê; ons moet staan op die grondslag van ons Protestantse geloof soos dit in ons Afrikaanse Kerke uitdrukking vind; en ons moet besef en altyd onthou dat ons BROERS is. Laat ons ons vertroulike karakter sorgvuldig bewaar, en laat ons die A.B. steeds sterker maak. Laat ons aan mekaar getrou wees en, ten spyte van tydelike verskille van mening, aan mekaar getrou bly. Laat ons die gees van ware broerskap waardeer en koester.

Laat ons die gees van verhewe, waaragtige broerskap openbaar wat ek so treffend by ons ou vriend en oud-U.R.-lid, br. Pieter Hamersma, tot uiting sien kom het. Dit was amper 'n jaar gelede, net na ons vorige Bondsraad. Br. Pieter was baie ernstig siek - en terloops mag ek byvoeg dat hy, aan sy woning op De Aar, tot vandag toe nog nie herstel het nie, sodat sy hartewens om hier in ons midde te wees, nie vervul kan word nie. Met sy ernstige siekte is hy toe amper 'n jaar gelede in die hospitaal opgeneem, die hospitaal in Pretoria waar br. J.J. Bosman, in lewe stigter en hoof van Volkskas, kort tevore heengegaan het. Vanuit die hospitaal kry ek 'n briefie van br. Pieter; hy skryf met moeite, want hy kan sy hand nie behoorlik gebruik nie. Maar ek kan dit darem uitmaak. Hy vertel van sy siekte, hy verneem na die afloop van die Bondsraad en hy eindig: „Met hartlike groete, Jou vriend, Pieter." En dan is daar 'n naskriffie - kort, eenvoudig, opreg - wat my tot in my siel aangryp. Hy sê daarin: „Ek lê hier in die bed waarin br. Bossie oorlede is......dit is vir my 'n eer."

Ons is br. Pieter dankbaar vir hierdie besielende uiting van suiwere broerskap. Mag ons almal met daardie selfde gees besiel wees, en mag ons

in daardie gees met mekaar één bly. Dan sal ons met doelbewustheid al ons kragte inspan om swakhede in ons eie midde met wortel en tak uit te roei; en dan sal ons ook waarlik ons Afrikanerskap uitdra om 'n groot Afrikanerdom vir Suid-Afrika op te bou.

----------oOo----------

EATON'S
CORRASABLE
BOND
USA
BERKSHIRE